# TAAK 4: DATA HANTERING 2022: Toerisme Graad 10 KABV


| | | |
|---|---|---|
| Skole | : | Ekurhuleni Noord |
| Datum | : | Augustus 2022 |
| Tyd | : | 1 uur |
| Punte | : | 50 |
| Eksaminator | : | P. Bennie |
| Eksterne Moderator | : | A. Saayman |

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord **AL** die vrae.
2. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genommer is.
3. Skryf netjies en leesbaar.
4. Dien beide vraestel en antwoordblad in.

## VRAAG 1


Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Identifiseer die aantal elemente wat in die legende of sleutel op die kaart aangedui word. | (1) |
| 1.2 | Noem hoe die hoofstede aangedui word. | (2) |
| 1.3 | Noem die hoofstad en sy land wat op die kaart aangedui word. | (2) |
| 1.4 | Noem die hoofstede van die volgende provinsies: Wes-Kaap, KwaZulu-Natal en Gauteng (Wenk: nie op die kaart aangedui nie) | (3) |
| 1.5 | Afgesien van die legende of sleutel, identifiseer twee kaartelemente wat op die twee teenoorgestelde hoeke geleë is. | (2) |
| 1.6 | Tel die totale aantal besienswaardighede wat op die kaart aangedui word. | (1) |
| 1.7 | Lys, vanaf die kaart, slegs die besienswaardighede in Gauteng, KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap | (9) |
| | | **[20]** |

## VRAAG 2

Bestudeer die infografika hieronder en beantwoord die vrae wat volg





| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Die term binnelandse toeriste verwys na ... | (2) |
| 2.2 | Identifiseer die derde laagste kategorie waaraan geld bestee word. | (2) |
| 2.3 | Verskaf 'n moontlike rede vir Vraag 2.2 hierbo. | (2) |
| 2.4 | Bepaal die hoeveelheid geld wat deur internasionale toeriste in Suid-Afrika gegenereer word. | (2) |

2.5 Identifiseer die departement wat verantwoordelik is vir die insameling van statistieke in Suid-Afrika. (2)

[10]

**VRAAG 3**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




Bron:: World Tourism Organization, 2019; South African Tourism, 2018a.

StatLink http://dx.doi.org/10.1787/888934006518

3.1 Bepaal die aantal internasionale toeriste-aankomste in 2017. (2)

3.2 Identifiseer die aantal binnelandse toeriste wat vir dieselfde tydperk hierbo aangedui is. (2)

3.2.1 Vergelyk die statistieke hierbo. Bepaal watter aankomste meer was en met hoeveel. (2)

3.2.2 Bepaal die geprojekteerde doel vir internasionale toeriste-aankomste in 2021. (2)

3.3 Internasionale toeriste is noodsaaklik om die ekonomie 'n hupstoot te gee. Verduidelik TWEE voordele wat dit op die Suid-Afrikaanse ekonomie kan hê. (4)

3.4 Uit die grafiek hierbo het binnelandse toerisme geleidelik afgeneem. Gee twee moontlike redes vir hierdie afname. (4)

3.5 Stel voor hoe dit oorkom kan word, om die Suid-Afrikaanse ekonomie en die toerismesektor 'n hupstoot te gee. (4)

[20]

**TOTAAL 50 PUNTE** [50]